Die Maand Wat Was

Augustus 2013 Sakegesprek
Beleggings Nuusbrief

Bateklasprestasie (per jaar) tot einde Julie 2013



Bron: Credit Suisse



Bron: PlexCrown/I-Net Bridge

Die primêre bepaler van beleggingsprestasie is die blootstelling en gewigte in verskillende bateklasse. Die afgelope 12 maande, 5 jaar en 10 jaar was goeie periodes vir die groter bateklasse, dit selfs teen die agtergrond van negatiewe nuusvloei – al die bateklasse het nie alleen by inflasie bygehou nie, maar inlyn met die langtermyn tendense (1900 tot 2011) presteer.

Waarde van R10,000 belê oor verskillende periodes





Vir hierdie ontleding is suiwer indeks prestasies gebruik - konserwatiewe portefeulje het 33% in aandele, gebalanseerde portefeulje het 50% blootstelling in aandele en ‘n groei portefeulje het 66% blootstelling in aandele met die balans van die portefeuljes gelykop verdeel tussen rentedraende effekte en kontant. Die saamgestelde impak van groeibate blootstelling (aandele) wys duidelik in die 5 en 10 jaar prestasies en dat dit oor die langer periodes inflasie beduidend uitpresteer.

Julie 2013 - Die Maand Wat Was

Prof Daniel Kahneman het die Nobel prys vir Ekonomie gewen in 2002. Dit is merkwaardig as aangeneem word dat Prof Kahneman nie 'n ekonoom is nie, maar 'n sielkundige. Ek het Tren Griffen, senior direkteur by Microsoft se opsomming oor 'n paar beginsels oor beleggings wat hy by Daniel Kahneman geleer het baie geniet – hier is 'n paar van daardie punte:

1. "**Baie privaatbeleggers verloor deurlopend deur aktief te verhandel, 'n prestasie wat nie eers 'n aap wat 'n veerpyltjie na 'n bord gooi in dieselfde mate kan regkry nie"** Beleggers wat aktief verhandel, betaal groot dele van hul kapitaal aan verhandelingkostes en maak foute deur besluite te baseer op emosionele oorwegings. Hoe meer aktief iemand verhandel, hoe swakker is die uiteindelike opbrengs.

2. "**Baie min mense wat individuele aandele kies, het die kundigheid om jaar in en jaar uit beter as die mark te presteer,**" Baie mense meen dat hulle beter doen as die mark of die indeks, in werklikheid kry amper niemand dit reg om beter as die mark / indeks te presteer nie – veral nie as dit gaan oor lang periodes van tyd, jaar na jaar nie.

3. "**Ek glo daarin om in Indeksfondse te belê. As jy nie spesifieke inligting, wat gewoonlik onwettig is, het nie – moenie jouself probeer oortuig dat jy beter as die mark weet nie**" As jy nie beduidende bronne van kundigheid en tyd daaraan spandeer om inligting te versamel en te verwerk nie kan jy nie beter as die mark doen nie. Die feit dat tegnologie dit moontlik maak om aktief te verhandel, is irrelevant en is nie 'n oorweging om iets te doen nie.

4. "**Om oor 'n vyf jaar periode die verskil tussen kundigheid (skill) en geluk (luck) te probeer bepaal, beteken niks. Mense wat oor 'n vyf jaar periode iets probeer aflei, verstaan nie statistiek nie".** Dit is moeilik om te onderskei tussen kundigheid en geluk – 5 jaar is 'n te kort periode om hierdie onderskeid te probeer tref.

5. "**Mense maak beleggingsbesluite oor wat in die nuus is**" Mense steun op onlangse nuusgebeure en dit het gewoonlik baie min met goeie beleggings en goeie beleggingsbesluite te doen. As iets nou in die nuus is, beteken dit nie dat dit 'n goeie belegging is nie – die teendeel is gewoonlik waar.

6. **"Ons verduidelik die verlede baie maklik, maar is baie swak wanneer dit kom by vooruitskattings"** Die feit dat ons dinge in die verlede kan verduidelik skep die illusie dat ons dink ons kan dinge voorspel. Mense is baie vrotter met vooruitskattings as wat hulle dink.

My kollega Warren Ingram het so pas sy boek "Become your own Financial Advisor" uitgegee. In hierdie boek skryf Warren oor die beginsels vir suksesvolle beleggingsbesluite. In hoofstuk 2 beskryf hy die storie van een van ons kliënte, vir doeleindes van die boek noem ons haar Sonia (Julie in die radio-onderhoud). Hy het intussen ook met Bruce Whitfield van Talk Radio 702 en Cape Talk 567 in Bruce se "The Money Show" hieroor gesels.

Die kort en die lank is, Sonia het Warren in 2006 gekontak met die versoek dat sy so pas begin werk het en graag wil begin spaar. Warren se raad was dat sy 'n maandelikse bedrag in Indeks beursverhandelde fondse moet belê. Julia het op daardie stadium sowat R20,000 per maand (voor belasting) verdien. Haar doel was om by 'n kapitaal waarde van R1m uit te kom. Vandag, 7 jaar later, is Sonia 32 en haar kapitaal is rondom R2m. Die kernelemente vir haar sukses was:

1. Vroeg begin – sy het begin toe sy 'n salaris begin verdien het en geld kon wegsit.
2. Elke maand gedissiplineerd belê.
3. Gesorg dat sy blootstelling in Groeibates kry en dat haar kostes so laag moontlik gehou word.

Die onderhoud is hier beskikbaar – is die moeite werd om te luister, veral jongmense wat wil begin spaar: https://soundcloud.com/#primediabroadcasting/julia-saving

Die boek "***Sakegesprek met Theo Vorster – sleutels tot sukses van ons top sakelui***" is nou beskikbaar by toonaangewende boekhandelaars en ook in elektroniese formaat by onder andere Amazon, Nook, Kobo en Kalahari.

Ons het 'n funksie geskep op die Sakegesprek webbladsy waardeur die boek bestel kan word deur na www.sakegesprek.co.za te gaan en dan die "boek" skakel te volg.

In die Sakegespek boek poog ek om vir lesers 'n blik te gee op elkeen van die 38 sakeleiers met wie ek die afgelope 2 jaar gesels het en om elkeen se eie suksesverhaal in sy / haar eie woorde weer te gee. Ek gee my eie opmerkings en opinies rondom die onderhoude en probeer om kernbeginsels uit te lig waaroor die sakeleiers sterk voel - onder andere oor sakeleierskap, sukses en gesonde bestuursbeginsels.

Ek hoop lesers geniet die boek net soveel soos ek dit geniet het om met die sakeleiers onderhoude te voer en die boek saam te stel.

Indien lesers enige voorstelle het wat onderwerpe of gaste betref, stuur gerus 'n e-pos aan: Theo@sakegesprek.co.za of volg Theo op Twitter @sakegesprek.

> ***Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur 'n e-pos aan: nuusbrief@sakegesprek.co.za.***

Mooi loop!

Theo Vorster

Theo@sakegesprek.co.za

Volg ons op TWITTER

Volg ons op twitter @sakegesprek vir program opdaterings en interessante beleggings- en sakenuus

Theo het in 2010 kykNET genader met die konsep om ‘n trots Suid-Afrikaanse sakeprogram saam te stel wat die prestasie van sakeleiers uitlig en wat sakeleiers die geleentheid gee om hul eie suksesverhaal met die kykers te deel – kykNET het die konsep en die program uit die staanspoor heelhartig ondersteun. In die afgelope 3 reekse is daar met 38 sakeleiers gesels.

Theo is ‘n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, ‘n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur (www.galileocapital.co.za). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: Theo@galileocapital.co.za.